

Gefokus op Christus

Geloof vir 'n tyd soos die

Wat is ons diepste hoop?

- *Lewe na lewe* na die dood!
- Dat God vir ons en sy skepping sal doen wat Hy vir **Christus** gedoen het.
- Ons sal saam met **Christus** opstaan uit die dood (3:4).
- **Christus** is ons hoop (1:27)

Hoe moet ons leef?

- Ons moet met **wysheid** deelneem aan God se 5de bedryf.
- Ons herhaal nie vorige bedrywe nie, maar improviseer die 5de in lyn met God se verhaal van die skepping, redding en vernuwing van alles deur **Christus** (1:15-20)!
- God het deur **Christus** alles met Hom versoen (1:19)
- Daarom moet ons ons **denke** op God rig.

Is dit moontlik om nuut te leef?

- Ja, want **Christus** het ons vrygekoop van ons skuld.
 - Ons sondige natuur is weggesny.
 - Die Bose is verslaan.
 - Ons het die Gees van God in ons.
- Ons is in **Christus** gewortel (2:7)

Ons liefde moet die wêreld verlig

- Christelike liefde is nie 'n reaksie op die wêreld nie. Dit is 'n **krag** wat dit vernuwe.
- Ons kan ons liefde vermeerder deur op die elemente daarvan te fokus.
- Ons kan ander vergewe omdat **Christus** ons vergewe het (2:13)

Kolossense 1

13 God het ons uit die mag van die duisternis gered en verplaas na **die koninkryk van sy geliefde Seun** — 14 deur wie ons bevryding, die vergifnis van sondes ontvang het. 15 **Die Seun is die beeld van die onsigbare God**, die Eersgeborene van die hele skepping, 16 want in Hom is alles geskep: alles in die hemel en op die aarde, die sigbare en die onsigbare dinge, of dit konings of heersers is, gesagvoerders of magte; alles is deur Hom en tot Hom geskep.

17 Hy het voor alles bestaan en in Hom hang alles saam. 18. **Hy is die hoof van sy liggaam, die kerk.** Hy is die oorsprong, die Eersgeborene uit die dood sodat Hy in alles die eerste plek kon inneem, 19 want dit het God behaag om met sy volle wese in Hom te woon 20 en deur Hom alles met Hom te versoen deur vrede te bring deur sy bloed aan die kruis, ja, alles op aarde en in die hemel.

Kolossense 2

9 In Hom is die volle wese van God immers liggaamlik teenwoordig. 10 En in Hom, wat **Hoof** oor elke heerskappy en mag is, is julle met hierdie volheid vervul. 11 In Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis deur mensehande nie, maar deur **die besnydenis van Christus**, waardeur julle sondige aard weggeneem is, 12 toe julle in die doop **saam met Hom begrawe is**. In Hom is julle ook **saam opgewek** deur die geloof in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het.

Kolossense 2

16 Moet dus nie dat iemand julle oordeel oor wat julle eet of drink of oor 'n fees, 'n nuwemaansfees of die Sabbat nie. 17 Hierdie dinge is net 'n skaduwee van dit wat aan die kom was, maar die werklikheid is Christus. 18 Moenie dat iemand wat aandring op sogenaamde selfvernedering en die aanbidding van engele, en wat hom in visioene verdiep, julle van die prys beroof nie. As gevolg van sy sondige aard dink hy sonder rede baie van homself 19 en hou nie vas aan **die Hoof** nie, uit wie die hele liggaam ontwikkel, ondersteun en saamgebind deur gewrigte en spiere, met groeikrag wat van God kom.

Kolossense 3

1 As julle dan saam met Christus opgewek is, **streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit.** 2 Bedink die dinge daarbo, nie die dinge op aarde nie. 3 Julle het immers gesterf en **julle lewe is saam met Christus verborge in God.** 4 **Wanneer Christus verskyn,** Hy wat julle lewe is, sal julle ook saam met Hom in heerlijkheid verskyn.

Kolossense 3:16-17

16 Laat **die woord van Christus** oorvloedig in julle woon. Onderrig en vermaan mekaar in alle wysheid deur met dankbare harte psalms, lofgesange en geestelike liedere tot God te sing.

17 En wat julle ook al doen, in woord of daad, **doen alles in die Naam van die Here Jesus**, terwyl julle God die Vader deur Hom dank.

Kolossense 4

2 Volhard in gebed. Wees waaksaam en dankbaar as julle bid. 3 Bid terselfdertyd ook vir ons dat God vir ons 'n deur vir die Woord sal oopsluit om **die misterie van Christus** te verkondig — dit waarvoor ek in boeie is — 4 en bid dat ek dit met die regte woorde sal kan verduidelik. 5 Tree met wysheid teenoor buitestandere op, en koop die tyd uit. 6 Julle woorde moet altyd in goeie insig en smaak wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe om 'n ieder en 'n elk te antwoord.

Die opstanding van Jesus



Die *aanbidding* van Jesus as die Here

- Ontstaan in die mees onwaarskynlikste plek
- Ontstaan baie vroeg
- Toon geen tekens van ontwikkeling nie
- Word wyd en intens verkondig

Dwaasheid vir die heidene



Godslasterlik vir die Jode


Galasiërs 3:13

Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is.”

Deuteronomium 21:22

²²“Wanneer iemand tereggestel word vir 'n oortreding wat die doodstraf verdien, en jy hang hom aan 'n paal op, ²³mag sy lyk nie die nag daaraan bly hang nie. Jy moet hom dieselfde dag nog begrawe, want wie opgehang word, is deur God vervloek.

Om God te sien



In 'n wêreld waarin manne gemoor het om gode te word, het die Seun van God 'n mens geword om vir ons te sterf


Alles wat ons van God geweest
het moes herbedink word...

Christus is die hoof van die kerk (Kol 1)


17 Hy het voor alles bestaan en in Hom hang alles saam. 18. **Hy is die hoof van sy liggaam, die kerk.** Hy is die oorsprong, die Eersgeborene uit die dood sodat Hy in alles die eerste plek kon inneem, 19 want dit het God behaag om met sy volle wese in Hom te woon 20 en deur Hom alles met Hom te versoen deur vrede te bring deur sy bloed aan die kruis, ja, alles op aarde en in die hemel.

Die Kerk


Gefokus: **Stad**




Verspreid: **Sout**



Waar het God jou **geplaas**?



Saam met wie roep God vir jou?



Die brief aan Filemon

1 Paulus, die gevangene van Christus Jesus, en ons broer Timotheus, aan **ons geliefde** medewerker Filemon 2 en ook aan ons suster Affia en ons medestryder Argippus en die gemeente wat in jou huis saamkom: 3 Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus. Dankgebed en voorbidding 4 **Ek dank my God** altyd wanneer ek aan jou dink in my gebede,

5 omdat ek gehoor het van **jou liefde vir al die heiliges** en van jou geloof in die Here Jesus. 6 Ek bid dat ons gemeenskaplike geloof by jou 'n **deeglike insig** sal bewerk dat elke goeie daad wat ons doen, **tot eer van Christus moet wees**. 7 Ek is inderdaad baie bly en bemoedig oor **jou liefde**, broer, omdat die gees van die heiliges deur jou verkwik is.

8 Daarom, al het ek in Christus groot vrymoedigheid om jou te beveel wat jy behoort te doen, 9 rig ek, Paulus, **op grond van die liefde** eerder 'n versoek aan jou, juis omdat ek so 'n ou man is en nou ook nog 'n gevangene ter wille van Christus Jesus. 10 Ek pleit by jou vir my geestelike kind, Onesimus, wat ek tydens my gevangenskap verwek het. 11 Hy het destyds vir jou geen voordeel ingehou nie, maar nou hou hy vir jou en vir my groot voordeeld in.

12 Ek het hom na jou teruggestuur, hy wat my eie hart is! 13 Ek wou hom graag by my hou sodat hy my in jou plek kon dien terwyl ek ter wille van die evangelie in gevangenskap is. 14 Maar sonder jou instemming wou ek niks doen nie, sodat jy jou goeie daad nie uit dwang nie, maar vrywillig sal doen. 15 Dalk was hy juis om hierdie rede 'n rukkie lank van jou af weg sodat jy hom vir altyd kan terugkry, 16 nie langer as 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf, as **'n geliefde broer** — in die besonder vir my, hoeveel te meer dan vir jou — liggaamlik sowel as in die Here.

17 Indien jy my as deelgenoot beskou, verwelkom hom asof dit ek is. 18 En as hy jou enige skade berokken het of jou iets skuld, sit dit op my rekening. 19 Ek, Paulus, skryf hier met my eie hand: “Ek sal betaal.” En dan praat ek nie eers daarvan dat jy as gelowige jou lewe aan my verskuldig is nie. 20 Ja, broer, mag ek tog in die Here van jou hierdie voordeel geniet; **stel my gees in Christus gerus.**

21 Met volle vertroue in jou gehoorsaamheid skryf ek hier vir jou in die wete dat jy selfs meer sal doen as wat ek vra. 22 Maak terselfdertyd ook die gastekamer vir my gereed, want ek verwag om deur julle gebede aan julle geskenk te word. 23 Epafra, my medegevangene in Christus Jesus groet jou. 24 So ook my medewerkers Markus, Aristargus, Demas en Lukas. 25 Die genade van die Here Jesus Christus bly met julle gees.

